

Dieregesondheid: diarree, die verskuilde oorsaak

* Ben Erasmus

Die lam- en kalfseisoen word gewoonlik aan die begin van die reenseisoen, of kort daarna geskeduleer sodat daar aan die voedingsbehoefte van diere voldoen kan word. Op veral aangeplante weidings is die samestelling van weidings van so 'n aard dat die effek van seisoenale veranderings min invloed het t.o.v. die produksiesiklus, alhoewel daglengte wel 'n rol met reproduksie kan speel.

Hierdie optimale omstandighede kom nie sonder probleme voor nie. Diarree is gewoonlik een van die gekompliseerde probleme en dit verg soms intensiewe ondersoeke om die oorsaak vas te stel en 'n oplossing te vind. Die eerste reaksie wanneer diarree voorkom is normaalweg om lammers en kalwers te doseer teen 'n wurmbesmetting. Indien die diarree nie ophou na wurmbehandeling nie, kan lammers of kalwers begin vrek as gevolg van dehidrasie en organe wat nie meer funksioneer nie. Hierdie probleem verg gewoonlik professionele hulp om op te los. Die plaaslike veearts doen gewoonlik 'n misondersoek, en indien dooie diere vir 'n nadoodse ondersoek ingebring word, word monsters weggestuur vir verdere ondersoek om die primere oorsaak te bevestig. Mikroskopies kan die eiers van inwendige parasiete waargeneem word, asook ander parasiete soos koksidia oösiste.

Koksidiöse kan die verskuilde oorsaak van diarree wees wanneer lammers, kalwers of klein varkies besmet raak met die siekteveroorsoekende (patogene) vorm van die parasiet. Die misuitskeiding van diere op weiding is die bron van besmetting. Hierdie parasiet kan deel vorm van die normale flora van die dermkanaal. Die ouer diere kan 'n natuurlike immuniteit opbou teen die parasiet en dien dan as bron van besmetting vir veral die jonger diere. Nadat diere besmet word met oösiste dring die volgende stadia van die parasiet die dermwand binne en voltooi verdere siklusse wat later die dermwand verlaat.

Dié intrasellulere stadia veroorsaak erge skade aan die dermwand

met diarree as gevolg. Indien lammers, klawers en klein varkies besmet word en tot die diarree stadia vorder lei dit tot swak kondisie, swak groei, laer speen gewig en vrektes wat ekonomiese verlies vir die boer tot gevolg het.

Die aanbevole oplossing vir die beheer van koksidiöse in lammers, kalwers en klein varkies is Baycox 5%. Dit bevat Toltrazuril 50 mg/ml wat effektief is teen 'n verskeidenheid van koksidia. Die voordeel van is dat 'n enkele behandeling van die voorgeskrewe dosis voldoende is om diere teen koksidia te beskerm. Navorsing het bewys dat beskerming vir tot 49 dae na behandeling kan wees, indien goeie bestuur gehandhaaf word. Gedurende hierdie periode kan diere die nodige natuurlike immuniteit opbou teen die parasiete weens die skadelose stadia buite die sel van die dermwand.

Die voordeel van 'n produk met nawerking is dat diarree voorkom kan word, wat lei tot beter groeitempo asook gesonde diere. As 'n voorbeeld, in klein varkies is daar resultate verkry waar die groeitempo met 20 persent verbeter teenoor die kontrole groep. Daar geen opvolg behandelings nodig, soos in die geval van ander medikamente nie - dit spaar addisionele behandelings en hantering van diere. Indien koksidiöse in die verlede 'n verskuilde probleem was, kan diere metafilakties (voorkomend) behandel word en sodoende vatbare diere beskerm teen die parasiet waar dit op weiding of in stalle mag voorkom.

* Produksiebestuurder FAP, Bayer Dieregesondheid

